

Kleingroepe

27 Oktober tot 2 November 2013



OMGEE-TYD

Iemand lees hardop: Die Here is hier! Hy is ons Vader wat ons met sy hele hart liefhet en ons is Sy kinders. Saam vorm ons 'n geestelike familie, wat die hele week liefde teenoor mekaar uiteleef. Hier by ons samekoms word ons eenheid met Jesus Christus en met mekaar sigbaar. Ons doel is om Hom te loof en te eer; om mekaar onselfsugtig te dien; en om in gehoorsaamheid aan Hom sy beeld verder uit te dra, sodat ander Hom ook as Vader kan leer ken. AMEN

1. Deel lief en leed van die afgelope week met mekaar.
2. Gesels oor van die groot rampe wat die wêreld die laaste 20 jaar getref het en jou belewenis daarvan.

LEER-TYD

Vat nou julle Bybels en maak oop by die boek Joël. Blaai saam deur die boek en laat iemand die hoofskrifte hardop lees. Lees nou die ander uitdeeltuk getiteld “Hoekom moet ons die boek lees?” voor aan die groep. Lees hierna J O Ë L 2 : 12 – 14 en 2 : 28 – 29 & 32a saam en gesels oor wat die gedeeltes vir jou beteken.

1. Gesels oor die stelling: “Rampe en swaarkry roep ons om terug te keer na die H E R E.
2. Die profesie oor die Heilige Gees word as finaal vervuld voorgehou deur Petrus in sy preek op Pinkster-Sondag in Handeling 2. Wat is die belangrikheid van die profesie dat die Gees sal kom op seuns, dogters, oumense en hulle sonder aansien?
3. Gesels oor die belangrike stelling in hoofstuk 2:32a.

AANBID-TYD

Gee 'n tyd van stilte vir stil gebed en toewyding aan die Here. Sing nou as groep “SKEPPERGEES” (of laat iemand dit voorlees): *o Heer, ons staan voor U gebroke. As mens verstaan ons nie U weë. Maar U stuur vir ons 'n leidsman trou. Hy lei ons na U. Kom, o Skepper Gees, Lewendmakend Gees. Kom in al U volheid, kom in al U krag. Lei my in U waarheid, Leer my van die Vader en Seun. Wees U ook my Trooster. Kom, o Skepper Gees.*

DIEN-TYD

Hoe kan ons hierdie week ander uitnoui om die Joël-beloofte van die herstel deur die Heilige Gees te ontvang? Sondag se preekslides:
www.blancogemeente.co.za